# GESKIEDENIS

## Die era van verkenning

## Graad 6

Week 7: 5 Junie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Eenheid 5: Die era van verkenning



Die era van verkenning of ontdekking was 'n periode wat gestrek het van die middel 15de eeu tot die 17de eeu. Gedurende hierdie tyd het Europeërs die oseane oorkruis om die wêreld te verken.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

## Hoekom het die mense op verkenningsreise gegaan?

1. Uit nuuskierigheid
2. Om hul kennis uit te brei
3. Om 'n avontuur te ervaar
4. Om Christendom te versprei – sendelinge het saam met die handelaars gereis
5. Om roem, rykdom en mag te verkry
6. Om handelsroetes na Asië te vind waar hulle speserye soos peper, kaneel, neutmuskaat en gemmer kon kry.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

In die 1400's het handelaars verskeie goedere vanuit Afrika, Die Midde-Ooste en Asië na Europa gebring. Dit het veroorsaak dat die aanvraag na hierdie goedere al meer toegeneem het, met die gevolg dat die behoefte aan handel ook gegroei het.

Europeërs was veral geïntereseerd in speserye van Asië. Hulle het speserye gebruik om kos vars te hou, aangesien yskaste en vrieskaste nog nie uitgevind was nie. Alhoewel handel met die Ooste duur en moeilik was, was China en Indië die naaste plek waar Europeërs dit kon kry.

Op verskillende tye in die geskiedenis was handel in speserye, sowel as die koste daarvan, deur spesifieke groepe mense beheer. Europeërs het dus probeer om 'n nuwe seeroete na die Ooste te kry sodat hulle die handel self kon beheer en speserye teen 'n beter prys kry.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

Voltooi nou die volgende aktiwiteit in jou Algemene Skryfboek.

Opskrif: Aktiwiteit 3

Bestudeer die skets en antwoord die vrae op die volgende skyfie.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

1. Noem enige 5 lande, kontinente, of geografiese gebiede wat by speseryhandel betrokke was.

2. Maak ‘n lys van die oseane wat handelaars op hul speseryreise oorgesteek het.

# Dankie!

Jy het hierdie week se Geskiedenis voltooi.

Lekker naweek ☺

Laerskool Mikro Kopiereg ©